TABOK

Trust vir Afrikaanse Beheerliggame vir Onderwys en Kultuur
(Reg no. 8787/03)

LEEF AFRIKAANS

Onderwys, Sport, Kultuur en Christelike waardes

Artikel 31(1) RSA Grondwet

Lidmaatskap van TABOK het unieke voordele!

- Goue kaart R125.00 p/m
- Silwer kaart R85.00 p/m
- Groen kaart R38.00 p/m

Kontaknr: 086 14TABOK
www.tabok.co.za

Waarom TABOK?

Veranderende kulturele omstandighede in Suid-Afrika dra daartoe by dat onderrig in Afrikaans al meer onder druk verkeer. Tydens die afgelope 10 jaar het Afrikaans enkelmedium-skole van sowat 2500 tot net meer as 800 verminder en verminder elke jaar, onder verdere druk, sodat daar binnekort geen Afrikaanse skole meer oor sal wees nie.

Skole word ook deur politieke druk forseer om na parallel- of dubbelmedium om·te skakel. Navorsing het getoon dat sodra 'n skool na parallel- en/of dubbelmedium omskakel, groot getalle leerders wat onderrig in Engels wil ontvang, die skool instroom. Dieselfde gebeur reeds ook met Afrikaanse universiteite. Saam met die Afrikaanse taal word ook die kultuur en godsdiens vernietig. **Daarteenoor word dubbelmedium-onderrig egter nie van enige Engelsmedium-skole of tersiêre inrigtings verwag nie.**

Op sport, kulturele, taal, ekonomiese, sosiale en ander terreine kom die Afrikaner se erfenis elke dag al meer onder druk en word dit getransformeer tot onherkenbare, vreemde alternatiewe. TABOK beywer hom vir die behoud van 'n eie moedertaal, kultuur en godsdiens op onderwysvlak sowel as ander eie strukture van belang vir die Afrikaner as 'n etniese of nasionale, kulturele, taal en godsdienstige minderheidsgroep. Hierdie definisie is nie volksvreemd nie en is vervat binne die RSA grondwet en ook internasionale bepalings. Meer nog, dit is bloot 'n hedendaagse omskrywing van die begrip " volk".

Die Afrikaner sal nie die eerste - en ook nie die laaste etniese/kulturele minderheidsgroep wees wat sy regte in hierdie verband opeis nie. Daar is tans verskeie internasionale sake aanhangig oor hierdie bepaalde regte. Ander groepe wat dit reeds uitoefen is die Maori's in Nieu- Seeland, Vlaminge in België, Baske in Spanje, Roemeniërs onder Hongaarse beleg en vele meer.

Die "Unrepresented Nations and Peoples Organization" (UNPO) het juis einde September 2006 in Den Haag die selfbeskikkingsreg van volke tydens 'n internasionale kongres op die spits gedryf. Hulle versoek die Verenigde Nasies (VN) se Algemene Vergadering dringend om daadwerklike erkenning van die selfbeskikkingsbeginsel van volke. Alle regte, insluitend etnies/kulturele regte, individuele regte, minderheidsregte ens. is inbegrepe onder die omvattende selfbeskikkings-reg van 'n volk.

Grondwetlike/internasionale bepalings

Die volgende grondwetlike en internasionale bepalings is belangrik wanneer daar aan hierdie saak aandag gegee word:

Onderwys:
Art. 29(2) Reg op enkelmedium-onderwysinstellings word erken. RSA grondwet.
Art. 29(3) Reg op onafhanklike onderwysinstellings word erken. RSA grondwet.
Art. 29(4) staatsubsidies aan onafhanklike onderwys- instellings is nie uitgesluit nie. RSA grondwet.

Kultuur/taal/godsdiens:
Art. 31(1) Kulturele-,taal- en godsdiens-gemeenskappe se reg om op eie organisasies in burgerlike gemeenskap te vorm. RSA grondwet.

Selfbeskikking:
Art. 235 Die reg op selfbeskikking t.o.v. taal, kulturele en godsdienstige regte van minderheidsgroepe binne die nuwe Suid-Afrika word erken. RSA grondwet.

By die uitleg van RSA handves van regte:
Art. 39(1) b. Moet 'n hof, tribunaal of forum die volkereg in ag neem. RSA grondwet.
Art. 39(1) c. Kan 'n hof, tribunaal of forum buitelandse reg in ag neem. RSA grondwet.
Art. 39(3) Word die bestaan van ander regte of vryhede wat deur die gemenereg, gewoontereg of bestaande wetgewing erken of verleen word, nie ontken nie. RSA grondwet.

Internasionale bepalings:
Art. 27 van die internasionale konvensie oor die burgerlike en politieke regte ten opsigte van lede wat aan 'n etniese/nasionale, kulturele, godsdienstige en/of taalgebonde minderheidsgroep behoort. Verenigde Nasies . (VN)

Resolusie 47/135 van 18 Desember 1992. Voorskrifte vervat in die "Declaration on the Rights of Persons Belonging to National or Ethnic, Religious and Linguistic Minorities" Verenigde Nasies (VN).

Bestaande instellings

Ongeag of hulle grondwetlik gedefinieerd of wetlik geregistreer is, is daar 'n verskeidenheid organisasies wat reeds namens ander etniese/kulturele minderheidsgroepe binne die RSA optree nl.:

- Kaapse Klopse - Kleurlinge
- Black Schools Sports Association - Swart gemeenskappe
- Black Lawyers Congress - Swart regslui
- Black Officers Forum - Swart polisie offisiere
- Black Accountants - Swart rekenmeesters
- Maccabi Beweging - Joodse gemeenskap
- Indiër Privaatskole vir Gujerati, Tamil, Hindi en Moslems- Indiër gemeenskappe.
- Traditional leaders / Contralesa - vir al die etniese/kulturele behoeftes en gebruike vir swart gemeenskappe. Hierdie groepe het waarskynlik die meeste wetgewende gesag wat binnekort verder deur die huidige regering uitgebrei word. Hulle is ook op suiwer etniese verteenwoordiging saamgestel. Contralesa sluit ook die Afrikaners, Kleurlinge en Indiërs, (etniese/kulturele minderheidsgroepe in eie reg), uit.
- Swart SARU - Rugbyklubs in die Oos-Kaap en Gauteng.
- Kleurling SARU - Rugbyklubs in die Boland en Westelike Provinsie.
- NATIVE CLUB - Les bes, die Presidensie (Sy Fondse) se eie inspirasie vir swart intellektueles.

Belangrikste faktor

Die belangrikste faktor is nie noodwendig grondwetlike, internasionale of wetlike bepalings nie maar,

Die daadwerklike opneem en uitleef van etniese/kulturele regte deur minderheidsgroepe binne eie strukture. Dit kan nie deur ander partye of regerings namens 'n minderheidsgroep gedoen word nie. Slegs die minderheidsgroep self kan dit binne sy eie geledere doen m. a. w. selfbemagtiging.

Die voorbeelde wat genoem is, is almal natuurlike uitvloeisels van sodanige behoeftes en die werking van kragte binne die bepaalde groepe om aan hierdie behoeftes te voldoen. Dit behoort vir alle minderheidsgroepe gerespekteer te word om vreedsaam en selfopbouend naas mekaar te bestaan.

Die neem van stappe ten einde Afrikaanse kultuur en opvoedkundige liggame se minderheidsregte lewenskrag te gee, beteken allermins dat die internasionaal erkende selfbeskikkingsreg, wat elke volk se eerstegeboortereg is, prysgegee word, die teendeel is eerder waar.

Hierdie omskrywing is vanselfsprekend geldig in groot mate vir daardie seksie van die breë Afrikaner-kultuurgemeenskap wat volwaardige selfbeskikking nastreef.

TABOK se strukture

Tydens drie jaar se bestaan, moes TABOK dringende aanpassings maak en het in die proses gegroei na drie afsonderlike instellings wat elk binne 'n bepaalde terrein, uiting gee aan die behoeftes van Afrikaners sowel as Afrikaner gemeenskappe nl.:

TRUST VIR AFRIKAANSE BEHEERLIGGAME VIR ONDERWYS EN KULTUUR REG NO. 8787/03.

'n Trust vir Afrikaner gesinne en hulle behoeftes op die etniese, kulturele, taal, godsdienstige, en ander terreine.

Advertensie

Advertensie

TABOK 'N TRUST WAT IN BELANG OPTREE VAN AFRIKANER OUERS AS BEHEER-LIGGAME.

TABOK gee erkenning aan:
- Moedertaalonderrig op skole en tersiêre vlakke.
- Grondwetlike reg op enkelmedium-instellings.
- Grondwetlike reg op onafhanklike instellings.
- Die professionele status van die onderwys as beroep.
- Die hoogs moontlike standaarde vir onderrig.
- Die regte binne die grondwetlike bestel van die RSA op te eis.
- Die Afrikaner se kultuur, taal en godsdiens binne hierdie strukture te handhaaf in terme van die RSA grondwet en internasionale reg.

NASIONALE AFRIKANER VOLKSEIE SPORT-FEDERASIE. (NAVSFED)

'n Voornemend oorkoepelende sport-/kultuurfederasie vir individuele volkseie sport-/kulturele organisasies waarbinne die Afrikaner sy sport, kultuur en taal tot op die hoogste vlak kan beoefen om sy eie gemeenskap as etniese/ kulturele minderheidsgroep te verteenwoordig.

Strukturering en beoefening

Die struktuering en beoefening van regte van bogenoemde organisasies geskied binne die bepalings van die RSA grondwet en internasionale reg ten opsigte van die regte van etniese/ nasionale, kulturele, taal en godsdienstige minder-heidsgroepe.

1. TABOK vir ouers en individuele lede:

Tabok as Trust stel hom ten doel om:

1.1 Afrikaner ouers en individuele Afrikanerlede behulpsaam te wees met 'n unieke Goue Lidmaatskapkaart vir net R125.00 per maand met outomatiese toegang tot;

a. Debiet bankkaart (Saswitch en Visa) teen einde 2007.
b. Infinity afslagkaart.
c. Kontant begrafnisplan vir gesin.
d. Regspolis vir gesin (R 75,000 mediasie + R30,000 litigasie per jaar).
e. RoadresQ pad- en huisbystand vir 24 uur per dag. Sluit veelvoudige hulp in.
f. Tabok se bloedskenkers databasis en hulp.
g. Life Sense Groep se HIV voorkomende program.
h. Gesubsidieerde lugtyd vir selfone.
i. Kostelose epos adres by Klopnet.co.za.
j. Kostelose elektroniese faksfasiliteit.
k. Hulplyn deur voltydse kontaksentrum.

1.2 Unieke Silwer en Groenkaarte met vermindere voordele beskikbaar teen R85.00 en R38.00 per maand.

1.3 Hulp met eie onderwysstrukture op nasionale vlak. (www.tabokwo.co.za)

1.4 Geleenthede op sport- en kulture terreine deur plaaslike sport-/kultuurklubs te finansier. (www.navsfed.co.za)

1.5 Skep van verbandfinansierings en registrasie van transportaktes vir opbetaalde lede teen kontant kortings.

1.6 Volledige internetdienste teen gesubsidieerde pryse vir opbetaalde lede (www.klopnet.co.za).

2. TABOK 'n trust wat in belang optree van Afrikaner-ouers as beheerliggame

TABOK stel hom ten doel om

2.1 ± 8% van ons skole (2,100 laerskole en 700 hoërskole) as enkelmedium Afrikaanse privaatskole daar te stel. Proporsioneel die Afrikaner se aandeel volgens bevolkings-getalle.

2.2 ten minste drie Afrikaanse universiteite en kolleges as enkelmedium-instellings daar te stel. Proporsioneel die Afrikaner se aandeel volgens bevolkingsgetalle.

2.3 die Afrikaner se taal, kultuur, godsdiens in bogenoemde instellings te bevorder en toe te pas.

2.4 verhoogde en internasionale aanvaarbare standaarde in bogenoemde instellings te handhaaf.

2.5 eie onderwysers op te lei.

2.6 pensioen- en mediese fondse vir die lede by Afrikaanse skole op te rig en te dryf.

2.7 Afrikaanse beheerliggame van sodanige skole te bemagtig, op te lei en te ondersteun.

2.8 'n omvattende litigasie fonds met gepaard-gaande regsafdeling vir lede se behoeftes tot stand te bring.

3. NASIONALE VOLKSEIE SPORTFEDE-RASIE (NAVSFED)

NAVSFED stel hom ten doel om

3.1 die Afrikaner se kultuur, taal en sportbehoeftes binne eie volwaardige strukture te beoefen deur
- sport-/kultuurklubs op plaaslike vlak te stig.
- streek/provinsiale strukture te skep.

3.2 nasionale en internasionale deelname van die Afrikaner se sport, taal en kultuur te bevorder.

3.3 die toetrede van NAVSFED en sy individuele strukture tot internasionale strukture te verseker.

3.4 'n eie simbole vir die Afrikaner as etniese/kulturele minderheidsgroep te verseker tydens beoefening van sy sport en/of kulturele regte. (www.navsfed.co.za)

TABOK bied aan lede die voordeel van kundige advies en bystand met:

1. **Reël van verbande by alle Finansiële Instellings landwyd deur Marius de Villiers (Mortgage Works)**
2. **Eiendomstransaksies en Transporte deur Tabok goedgekeurde Prokureurs**
3. **Kontant terug in u sak.**

Skakel 086 14TABOK

TABOK

Trust vir Afrikaanse Beheerliggame vir Onderwys en Kultuur
(Reg no. 8787/03)

LEEF AFRIKAANS

Onderwys, Sport, Kultuur en Christelike waardes

Artikel 31(1) RSA Grondwet

TABOK BLOEDSKENKERS DATABASIS EN KLINIEKE

KONTAKBESONDERHEDE

KANTOOR: BLOEDSKENKERS DATABASIS

DIREKTE TEL/NO : 012 664 3004

FAKS/NO : 086 505 4994

EPOS :bloedskenkers@tabok.co.za

PERSOONLIK: JENNY BOSMAN

DIREKTE TEL/NO : 084 219 0033

FAKS/NO : 086 505 4988

EPOS : jennyb@tabok.co.za

TABOK/SANBS BLOEDSKENKERSKLINIEKE

OOREENKOMS

Na meer as twee jaar se onderhandeling het TABOK en die SUID AFRIKAANSE NASIONALE BLOEDDIENS 'n ooreenkoms gesluit waarbinne TABOKLEDE kan bloed skenk om die behoefte aan veilige bloed aan te vul. Hierdie ooreenkoms is vir drie jaar geldig en sal jaarliks hersien word na gelang van behoeftes en praktykvereistes.

UITGANGSPUNTE

Die volgende uitgangspunte is van toepassing in die ooreenkoms:

1. Dat TABOKLEDE se bloed deur die SANBS gekollekteer word tydens gesamentlike bloedskenkersklinieke en daarna verwerk en gedistribueer sal word.
2. Dat alle TABOKLEDE se bloed spesiaal gemerk word binne die sisteem wat die SANBS gebruik.
3. Dat die bloed, wel vir normale gebruik deur enige persoon, by alle punte waar bloed verskaf of voorsien word, beskikbaar gestel sal word.
4. Dat TABOK, deur ledewerwing onder die Afrikanerouers en - leerders ouer as 16 jaar, sy lede sal aanmoedig om op gereelde basis bloed te skenk.
5. Dat TABOK, uit die TABOKLEDE, medewerkers sal werf wat normale bediening, tydens gesamentlike bloedskenkersklinieke sal verrig.
6. Dat TABOK, uit die TABOKLEDE, medewerkers sal werf wat met die tyd opgelei deur -, geregistreer by - en aangewend sal word deur die SANBS as operasionele personeel wat tydens gesamentlike bloedskenkersklinieke professionele dienste sal verrig.
7. Dat TABOK sy eie databasis van al die TABOKSKENKERSLEDE, in samewerking met die SANBS, sal hou.
8. Dat TABOKLEDE aanspraak mag maak om tydens normale behoeftes, soos byvoorbeeld operasies waar bloed benodig word, bloed te ontvang op die beginsels van;

   Direkte skenk (Direct Unit)

   Selfskenk (Autologonus Unit)

   uit die TABOKBLOEDSKENKERS DATABASIS en soos deur die SANBS voorsien.
9. Dat die belangrikste uitgangspunt is om gereelde skenkers, ten minste drie skenkings per jaar, te werf sodat daar meer vrylik veilige bloed beskikbaar sal wees.
10. Dat TABOK addisionele en ander inligting aan sy lede, tydens gesamentlike bloedskenkersklinieke mag versprei.

TOEKOMSTIGE PRODUKTE/DIENSTE

Die volgende produkte en dienste word vir die toekoms beoog:

Bloedplaatjies (Apheresis-Mega Platalets)
Naelstringbloed (Stem Cell-Cordblood)
Rooibloedselle (Red Cells-Various)
Vars Plasma (FFP-Fresh Frozen Plasma)

KULTURELE ERKENNING

Die ooreenkoms is tussen die partye aangegaan op die erkende kulturele bepalings soos vervat in die Grondwet van die RSA. Dit is reeds vir meer as 100 jaar dat die Afrikaner, in besonder, vrylik bloed skenk en dus ook die grootste skenkergroep binne die RSA uitmaak.
Gebeure die afgelope drie jaar, het 'n dramatiese afname in hierdie tendens onder die Afrikaner teweeggebring, wat een van vele faktore is wat 'n tekort aan veilige bloed veroorsaak.
Deur positief binne kulturele verband betrokke te raak, poog TABOK om deur sy ledeprogram 'n sinvolle bydrae in die verskaffing van veilige bloed te maak.
Dit is nie net ander persone wat veilige bloed nodig mag kry nie maar ook ek, u, ons gesinslede, familie en vriende. Ons persoonlike bydrae kan help om ook vir onsself voorsiening te maak.
WORD 'n TABOKLID en 'n GEREELDE BLOEDSKENKER.

LIDMAATSKAP

Elke persoon wat by Tabok aansluit en sy lidmaatskap maandeliks instand hou as Goue, Silwer of Groen kaarthouer, is ten volle geregtig op al die voordele van TABOK se lidmaatskap-voordele. Dit sluit ook die deelname aan die Bloedskenkers Databasis en genoemde voordele in. Dit is nie nodig om ook 'n skenker te wees om in die voordele te deel nie. Dit is egter noodsaaklik dat lede wel sal oorweeg om gereelde skenkers te word want dit is die enigste wyse waarop genoegsame bloed beskikbaar gestel kan word vir die sukses van die projek.

TABOK LIFE SENSE HIV VOORKOMINGSPROGRAM

Blootstelling aan MIV kan op verskeie maniere plaasvind:

- Toevallige seksuele oordraging bv. seksuele aanranding of verkragting
- Bloedoortapping, naaldprik
- Direkte kontak met besmette liggaams vloeistof dmv bv. sport beserings of motor ongelukke
- Beroeps blootstelling bv mediese industrie

Die doel van hierdie produk is om te verseker dat TABOK Lede toegang het tot vertroulike toetse en behandeling binne **72 uur na potensiële blootstelling** om sodoende die moontlikheid om MIV positief te word, grootliks te verminder. Dit word sterk aanbeveel dat die sorgsentrum so spoedig moontlik na 'n voorval gekontak word - **binne 24uur**.

Lees meer - www.tabok.co.za
Lidmaatskapvoordele

- **Alg. Rekenaardienste**
- **Gratis "Faks na Vonkpos"**
- **Alle Rekenaar toerusting**
- **Internetdienste**
- **Vonkposadresse met Alias**

Klopnet.co.za
082 876 1743
In Afrikaans — vir Afrikaans

TABOK

Trust vir Afrikaanse Beheerliggame vir Onderwys en Kultuur
(Reg no. 8787/03)

Wie en wat is TABOK

Tabok het oor die afgelope tyd tot 'n unieke Afrikanerklub gegroei wat die volgende doelwitte nastreef nl.:

- Om die Afrikaner 'n geleentheid te bied om self sy eie Etos t.o.v. Kultuur, Taal en Godsdienstige beginsels in gevolge Artikel 31(1) van die RSA Grondwet uit te leef.
- Om bydrae te lewer t.o.v. eie Afrikaanse skole en Tersiêre instellings waar hierdie Etos gehandhaaf word soos gedefinieer in Artikel 29(2), (3) en (4) van die RSA Grondwet.
- Om te help bou aan eie kulturele en sport instellings waar die Afrikaner homself vreedsaam kan uitleef, naas al die ander etnies kulturele groepe soos gewaarborg in Artikel 235 van die RSA Grondwet.
- Om kulturele en sosiale voordele vir sy lede te skep soos gekoppel aan individuele lidmaatskap
- Om finansiële en ander voordele te skep - of te help skep soos gekoppel aan individuele lidmaatskap.

www.tabok.co.za

Advertensie

Advertensie

GOUEKAART/VOLWAARDIGE LEDE
enige ouderdom

Lidmaatskap:
A:Voordele

(1) Lidmaatskap Bankkaart
- Debietkaart met bankrekening
- Geen maandelikse diensfooi
- Saswich gekoppel
- Visa goedgekeur
  (Beskikbaar vanaf einde 2007)

(2) Infinity gekoppel:
- Afslag by alle Infinity gekoppelde besighede direk op rekening deur kaartgebruik.

(3) Tabok Begrafnis Groepskema:
(Onderskryf deur MS Life Assurance FSP Nr. No1856)

Lid	R10 000.00
Eggenoot(e)	R10 000.00
Kind (14-21jr)	R10 000.00
Kind (7-13jr)	R 5 000.00
Kind (0-6jr)	R 2 500.00

(4) Regsdekking vir hele gesin
- Regsadvies, 24uur Nood/Borglyn en Mediasie dienste - R75 000 p/jaar *(Regsdienste deur Legal Net)*
- Regskoste en Litigasie - R30 000 p/jaar. *(Onderskryf deur Santam)*

(5) Innovation Group/24 uur Pad- en Huisbystand
(5.1) RoasresQ/24 uur padbystand
- Insleep tot naaste herstelplek (R500.00)
- Voertuig slotmaker (R350.00)
- Battery hulp (jumpstart - R350.00)
- Na ure oornag stoor (R1000.00)
- Pap band hulp (R500.00)
- Toegang tot werktuigkundige
- Noodlewering van beperkte hoeveelheid brandstof
- Dienste in noodgevalle dmv boodskap herlei dienste.

(5.2) Home Assist/24 uur huisbystand
- Slotmaker (Uitroep en 1 uur arbeid)
- Elektrisiën (Uitroep en 1 uur arbeid)
- Ruitherstelwerk (Uitroep en 1 uur arbeid)
- Loodgieter (Uitroep en 1 uur arbeid)
- Toegang tot matskoonmakers, verwers tuindienste en skoonmakers op aanvraag.

(5.3) Padongelukke en bystandfonds (POF)
(Onderskryf deur Quoestio)

(6) TABOK Bloedskenkers Databasis
- Toegang tot veilige bloed deur eie lede wat help bydra
- Bestel bloed uit Bloedskenkers Databasis vir voornemende operasies ens. Uit TABOK Bloedskenkers Databasis.

(7) Lifesense Group /HIV Voorkomingsprogram

(8) Selfoon lugtyd aankope
- Alle tipes lugtyd teen spesiale afslag. (Einde 2007 met Bankkaart)

(9) TABOK e-pos adres
- **1 X Klopnet.co.za** E-pos adres met beskermde sagteware en advies.
- Spesiale tariewe vir die bou- bywerk en huisves van webwerwe. (per kwotasie)

(10) Elektroniese faks fasiliteit
- 1 Elektroniese faksnommer waardeur fakse op jou rekenaar ontvang word deur die internet.

(11) Hulp deur Kontaksentrum
- 24/7 dae toegang tot alle dienste

Totale koste vir Produkte pakket R125.00 per maand.

NAVRAE: 08614TABOK

SILWERKAART/SLEGS VOLTYDSE STUDENTE

Lidmaatskap:

A:Voordele

(1) Lidmaatskap Bankkaart
- Debietkaart met bankrekening
- Geen maandelikse diensfooi
- Saswich gekoppel
- Visa goedgekeur (Beskikbaar vanaf einde 2007)

(2) Infinity gekoppel:
- Afslag by alle Infinity gekoppelde besighede direk op rekening deur kaartgebruik.

(3) Regsdekking vir lid
- Regsadvies, 24uur Nood/Borglyn en Mediasie dienste - R75 000 p/jaar *(Regsdienste deur Legal Net)*
- Regskoste en Litigasie - R30 000 p/jaar. *(Onderskryf deur Santam)*

(4) Innovation Group/24 uur Pad- en Huisbystand

(4.1) RoadresQ / 24 uur padbystand
- Insleep tot naaste herstelplek (R500.00)
- Voertuig slotmaker (R 350.00)
- Battery hulp (jumpstart - R350.00)
- Na ure oornag stoor (R1000.00)
- Pap band hulp (R500.00)
- Toegang tot werktuigkundige
- Noodlewering van beperkte hoeveelheid brandstof
- Dienste in noodgevalle dmv boodskap herlei dienste.

(4.2) Home Assist/24 uur huisbystand
- Slotmaker (Uitroep en 1 uur arbeid)
- Elektrisiën (Uitroep en 1 uur arbeid)
- Ruitherstelwerk (Uitroep en 1 uur arbeid)
- Loodgieter (Uitroep en 1 uur arbeid)
- Toegang tot matskoonmakers, verwers tuindienste en skoonmakers op aanvraag.

(4.3) Padongelukke en bystandfonds (POF)
(Onderskryf deur Quoestio)

(5) TABOK Bloedskenkers Databasis
- Toegang tot veilige bloed deur eie lede wat help bydra
- Bestel bloed uit Bloedskenkers Databasis vir voornemende operasies ens. Uit TABOK Bloedskenkers Databasis.

(6) Lifesense Group /HIV Voorkomingsprogram

(7) Selfoon lugtyd aankope
- Alle tipes lugtyd teen spesiale afslag. (Einde 2007 met Bankkaart)

(8) TABOK e-pos adres
- **1 X Klopnet.co.za** E-pos adres met beskermde sagteware en advies.
- Spesiale tariewe vir die bou- bywerk en huisves van webwerwe. (per kwotasie)

(9) Elektroniese faks fasiliteit
- 1 Elektroniese faksnommer waardeur fakse op jou rekenaar ontvang word deur die internet.

(10) Hulp deur Kontaksentrum
- 24/7 dae toegang tot alle dienste

Totale koste vir Produkte pakket R85.00 per maand.

NAVRAE: 08614TABOK

GROENKAART
LEERDERS/GADES GOUEKAART
HOUERS / PENSIOENARISSE
OUER AS 65

Lidmaatskap:

A:Voordele

(1) Lidmaatskap Bankkaart-
- Debietkaart met bankrekening
- Geen maandelikse diensfooi
- Saswich gekoppel
- Visa goedgekeur
  (Beskikbaar vanaf einde 2007)

(2) Infinity gekoppel:
- Afslag by alle Infinity gekoppelde besighede direk op rekening deur kaartgebruik.

(3) TABOK Bloedskenkers Databasis
- Toegang tot veilige bloed deur eie lede wat help bydra
- Bestel bloed uit Bloedskenkers Databasis vir voornemende operasies ens.

(4) Lifesense Group/HIV Voorkomingsprogram

(5) Selfoon lugtyd aankope
- Alle tipes lugtyd teen spesiale afslag. (Einde 2007 met Bankkaart)

(6) TABOK e-pos adres
- **1 Klopnet.co.za** E-pos adres met beskermde sagteware en advies.
- Spesiale tariewe vir die bou- bywerk en huisves van webwerwe. (per kwotasie)

(7) Hulp deur Kontaksentrum
- 24/7 dae toegang tot alle dienste

Totale koste vir Produkte pakket R38.00 per maand.

NAVRAE: 08614TABOK

Advertensie

Advertensie

Advertensie

Advertensie